**Saterdag 15 April**

**Skrifgedeelte: Filippense 1:27 – 2:8 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Filippense 2:5**

**Die regte gesindheid**

Jou gesindheid maak jou kerkwees. Dit bepaal jou lewenswandel.

Paulus roep die kerk op om dieselfde gesindheid te hê wat daar in Christus was. Hulle moet waardig die evangelie optree om Christus groot te maak. Daarom moet daar 'n band van eensgesindheid en standvastigheid onder gemeentelede bestaan.

- In die stryd teen teenstanders en in lyding moet hulle saamstry en vasstaan.
- In die geloofstryd moet hulle saam worstel.

Hierdie stryd gaan nie teen iemand nie, maar vir die behoud en uitbou van die waarheid van die evangelie. Hulle moet vashou aan die Bybelse waarhede en nie deur dwaalleer afgetrek word nie. Daardeur stel die kerk die regte voorbeeld aan die ander, al bring dit lyde mee. In hierdie stryd tree die kerk eensgesind op, aangevuur deur die enigste evangelie. Hulle moet mekaar liefhê, een van hart en een in strewe. Waar een homself wil handhaaf, kom tweespalt en verloor die kerk sy invloed in die samelewing. Daarom moet gemeentelede:

- nederig wees om sodoende 'n werktuig in God se hand te wees om liefde aan ander te bewys;
- niks uit eersug of selfsug doen nie, want dit verbreek die eenheid van die kerk;
- die een moet ook aan ander se belange dink.

Gelowiges is mense wat hulleself ken as sondaars wat deur God se genade gered is. Hierdie troos in Christus in gemeenskap aan die Heilige Gees bring 'n dankbaarheidslewe wat op die Here gerig is. Sy eer word in alles gesoek, ook in onderlinge meelewing en meegevoel.

Hierdie gesindheid maak dat die magte van die doderyk die kerk nie kan oorweldig nie (Matt. 16:18), maar maak dit 'n sieraad in God se oog. Kom ons vat hande en bou aan hierdie gesindheid.

*Sing: Psalm 42-1:3*
*Ds. RG Aucamp (Roelie) (emeritus)*